

Dinsdag 7 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 12:1-12

Fokusgedeelte: Genesis 12:1, 2

Wees 'n seën waar God jou plaas

Die Here bly getrou. Hy hou sy beloftes. God se groot belofte is die geboorte van die Verlosser vir die mensdom. Elke keer as die mens afdwaal, bring God nuwe hoop. God roep Abram uit 'n land vol afgodsbeelde (Jos. 24). God roep en gee deur Abram 'n groot belofte aan die mensdom. Hy pas nou binne God se groter plan met baie mense. Hy word 'n gestuurde wat God se seën moet dra na die heidendom.

Om geloof te ontvang en God se wil te aanvaar, getuig van absolute genade. Op 75 jaar antwoord Abram deur die Gees op die roepstem en verlaat al sy ou sekuriteite. Hy reis na die onbekende in afhanklike gehoorsaamheid. Onthou dat jou familie destyds jou verdedigingsplan was, asook jou aftree- en mediese plan. Abram word losgemaak van sy aardse planne – Hy hou net God en sy heerlike beloftes oor. Dit is die gelowige se enigste sekuriteit op hierdie aarde – Ons behoort in lewe en in sterwe aan God.

Vandag lewe ons in 'n wêreld wat geloof nie verstaan nie. Mense is so besig om aardse dinge bymekaar te maak dat hulle fokus weg van God is. Die mensdom het nuwe afgode en nuwe sekuriteite uitgedink. Deur die roeping van Abram moet ons hoor: Waar en wat is jou sekerheid? Jy is as Nuwe-Testamentiese gelowige God se gestuurde. Ons het 'n boodskap vir mekaar: Blom waar jy geplant is. Jesus Christus is die enigste vaste sekerheid, sodat ons 'n seën vir almal kan wees. God het sy eie tydtafel. Abram was 89 voordat God sy verbond met hom bevestig en hom Abraham noem (Gen. 17:5-7). Die vader van die gelowiges.

In Galasiërs 3:9 hoor ons dat ons deur die geloof in Jesus Christus erfgename kragtens God se belofte aan Abraham is. Ons is 'n nuwe geloofsgemeenskap wat elke dag geroep word om as 'n seën in hierdie wêreld te leef. Soms roep die Here ons om vandag 'n onbekende of 'n ongemaklike pad buite ons verwysingsraamwerk of gemaksone of selfs voorkeure te stap. God die Heilige Gees roep ons: Moenie net in jou bekende tent bly sit nie. Jy is 'n geseënde om weer 'n seën vir alle mense om jou te wees.

Sing: Psalm 146-1:3, 8

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)